Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 17/2025

17 Oktober 2025

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

**'n Opdrag...**

***Lukas 9: 13b: "Gee julle vir hulle iets om te eet."***

Om vandag skool te hou, is beslis nie maklik nie. Die opvoedkundige uitdagings waarmee ons te doen kry, raak al hoe meer kompleks. Boonop leef ons in 'n tyd waarin die wêreld vinnig verander – 'n wêreld waar KI (Kunsmatige Intelligensie) toenemend 'n groot rol speel en selfs dreig om ons denke en ons gewoontes oor te neem.

Vir die **Christenonderwyser** is hierdie werklikheid 'n herinnering dat ons roeping verder strek as die onderrig van vakinhoude of die aanleer van vaardighede. Ook ouers mag hul nie blindstaar teen die druk en eise wat sport, kultuur en prestasie op gesinne plaas nie. Ons grootste verantwoordelikheid bly om kinders te voed in die Woord van God.

By GSDP sit daar nie vyfduisend mense met vyf brode en twee visse voor ons nie, en meeste kinders kom gelukkig nie skool toe met honger mae nie. Tog weet ons dat hulle siele gevoed moet word. En juis hier lê ons roeping: om vir hulle **"iets te gee om te eet"** .

Soms voel dit asof ons baie min het om aan te bied. Die dag se take, probleme en eise laat ons hande leeg voel. Tog het ons oorvloed, die Woord van God self. Hierdie Woord is die enigste waarheid wat die mens werklik voed en versadig. **Christus se opdrag** aan sy dissipels geld ook vir ons: "Gee julle vir hulle iets om te eet."

**Prof. Derek Schuurman** van Calvin University het ons leerders en onderwysers toegespreek oor KI. Hy beklemtoon dat tegnologie, insluitend KI, deel is van ons kultuurmandaat – iets wat tot eer van God aangewend kan word, maar ook maklik misbruik word. Die gevaar lê daarin dat tegnologie die plek van geloof kan inneem, dat dit kinders se vertroue in God vervang, en dat dit al hoe moeiliker raak om waarheid van leuen te onderskei.

Ons roeping bly dus eenvoudig maar dringend: om die **"hemelse brood"** uit te deel – om kinders te voed met die kennis van God se Woord. Soos die dissipels hul min kos in die Here se hande geplaas het en 'n wonderwerk beleef het, mag ons ook beleef hoe Hy die geestelike kos vermeerder wat ons aan kinders gee.

Wanneer ons dag vir dag die porsies **Lewende Brood** uitdeel, in gesprekke, lesse en voorbeeld, vertrou ons dat die Here dit in hul harte sal vermeerder. Só word kinders toegerus met 'n Bybelse lewensbeskouing wat hulle help om in 'n verwarde wêreld te onderskei tussen waarheid en leuen.

***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **20/10:** HS Sosiale gholf te Mooipoort
- **24/10:** Kleuterskool-instappie
- **24/10:** Gr. 11-speletjiemiddag vir voornemende gr. 8's
- **24/10 - 25/10:** Rapportryers Bybelvasvra-kompetistie
- **27/10:** LS Vriendskaplike skaakwedstryd vs Eduplex
- **28/10:** Begrotingsvergadering
- **28/10:** LS oefen moontlik vir kultuuraand
- **30/10:** LS oefen moontlik vir kultuuraand
- **31/10** Hervormingsdag
- **31/10:** LS Kookkompetisie

# Het jy geweet?

## BELA-Wet: Wysigings wat Onafhanklike skole raak

Hiermee 'n laaste paar BELA-feite wat ook vir GSDP belangrik is

Die BELA-wetsontwerp wil onderwysbesluite sentraliseer, en is strydig met die beginsel dat die regering se rol aanvullend moet wees, om gesinne en skole te by te staan, eerder as om voor te skryf.

Alhoewel die BELA-wetsontwerp nie spesifiek die onafhanklike skoolstelsel teiken nie, fokus dit wel op oormatige regulering en dan veral in die volgende areas:

- **Strenger registrasievereistes vir onafhanklike skole,**
- **Inmenging in kurrikulum en onderwysstandaarde,**
- **Provinsiale onderwysdepartemente sal meer mag hê oor onafhanklike skole,**
- **Strenger finansiële beheer oor gesubsidieerde skole.**

Hierdie wetsontwerp het dus die potensiaal om die bepalings vir onafhanklikheid wat onafhanklike skole benodig om te kan bestaan, om die Skrif te integreer in alle leerinhoud en om die ouers se regte te beskerm, te benadeel.

Alles is egter nie net sleg nie, daar is 'n paar klousules waarmee ons ook saamstem, ek lig enkeles uit.

**1. Verpligte Graad R**

Dit is 'n positiewe verwikkeling, maar of die regering dit gaan regkry om dit te implementeer is 'n ander vraag.

**2. Gedragskode**

Die skool se gedragskode moet aan wetgewing voldoen, ook die dissiplineprosesse. Dit is goed om ons gedragskode ook weer te ondersoek en seker te maak dat ons werklik die kinders lei om dissipels van Christus te wees.

**3. Selfoonbeleid**

Selfone is 'n gereelde bron van dissiplinêre probleme (bv. inhoudverspreiding) Die wetgewing moedig streng beheer aan asook gereelde beleidshersiening soos wat ons by GSDP vir 2026 beoog.

**4. Gevaarlike voorwerpe en stowwe**

Ons word aangemoedig om baie streng te wees oor verbode items op die skoolterrein wat die volgende insluit: alkohol, onwettige dwelms, enige bedwelmende middel (ook damprook).

Enige gevaarlike voorwerpe soos messe, vuurwapens, gastoestelle ens. word ook verbied. Daar word tans kennisgewingborde gemaak wat hierdie saak aanspreek, aangesien ons nie gevrywaar is hiervan nie.

**5. Iets oor die regsbeginsels**

Onafhanklike skole is 'n regspersoon, beide die ouers sowel as die skool kan dagvaar of gedagvaar word.
In loco parentis: Dit hou in dat opvoeders leerders se beste belange en veiligheid verseker, bv. tydens uitstappies moet leerders veilig onder toesig wees. Daar moet onderskei word tussen toestemmingsvorms en vrywaringvorms. Versuim om leerders te beskerm, kan as nalatigheid gesien word.

Dit is goed om as gelowige ouers met kennis oor aspekte soos die BELA wat die onderrig asook die wese van GSDP raak, toegerus te wees.




## Ledevergadering: Goedkeuring van die begroting

**28 Oktober 2025 om 19:30**

U het reeds 'n kennisgewing ontvang oor die komende **begrotingsvergadering**. Alle tersaaklike dokumente is ook aan u gestuur. Hiermee rig ons 'n **ernstige beroep** aan alle lede om hierdie vergadering by te woon.

Hierdie week is daar verskeie plasings in die media oor die **finansiële toestand** van Gauteng Departement van Onderwys gemaak.

Die subsidies aan onafhanklike skole is verlede jaar reeds drasties gesny, hierdie week het ons gehoor dat alle kwintiel 5 openbare skole (bevoorregte skole) se subsidies ook met ongeveer **63%** gesny word.

A.g.v. die subsidies wat so drasties by onafhanklike skole gesny is, moes ons ook die begroting baie versigtig saamstel. Ons het egter alle lede se saamdink en insette nodig om **ons** skool finansieel volhoubaar vir ons nageslag te bestuur. Ons sien dus uit na u deelname aan die komende vergadering waar die begroting asook die voorgestelde veranderinge bespreek word.

# Kleuterskool

**Belangrike datums:**

**24 Oktober:** Instappie
**20 November:** Gradeplegtigheid
**21 November:** Waterdag
**27 November:** Graad 1-kuierdag
**27 November:** Kuierdag vir nuwe kleuters (16:00-17:00)


# Laerskool

**Belangrike datums:**

**31 Oktober:** Kookkompetisie (kan al begin inskryf)
**6 November:** Kultuuraand & Kunsuitstalling

**Sportfoto's kan op D6 bestel word.**

**Onthou om solank skyfbehoeftepakkette vir volgende jaar te koop.**





Laerskool

## Atletiekuitslae

Tydens die afgelope **AGN-atletiekbyeenkoms** op Pilditch het van ons skool se atlete baie goed gevaar in hulle onderskeie items.

**Willene Diedericks:** 1500m Do13: 3de plek

**Pieter le Roux:** Turbospies So11: 2de plek

**Willem le Roux:** Turbospies So9: 1ste plek

**Jakobus le Roux:** Turbospies So9: 3de plek

Juf. Karyna le Roux is alreeds baie hard aan die **oefen** met van ons skool se atlete vir die atletiekseisoen. Die oefeninge vind egter privaat plaas.

Indien u graag u kind wil laat begin atletiek oefen, kontak haar asseblief.

# GR 7

# SPELETJIESDAG

## Gr 8 2026

**24 OKT 2025**


**VRYDAG • 2:00 PM**

**By hoërskool Dirk Postma**

**Bring swemklere,
gemaklike klere
en 'n kospakkie**

# Hoërskool

- Sterkte aan matrieks wat besig is met hul **eindeksamen**!
- Vrydag 24 Okt. bied die graad 11's 'n **speletjiesmiddag** aan vir alle voornemende Dirk Postma graad 8’s. Dit sal by die hoërskool wees vanaf 14:00-16:00.
- Sterkte aan twee van ons **Bybelvasvraspanne** wat op 24 en 25 Oktober aan die Rapportryers Bybelvasvra-kompetisie se finaal gaan deelneem.



## Sosiale hokkie

Vrydagmiddae kom almal in die HS wat graag hokkie wil speel bymekaar en speel ’n wedstryd onder leiding van juf. Carli. Dit is ’n wonderlike geleentheid om as vriende saam te speel en nuwe vaardighede te leer.

Indien jy belangstel om deel te neem, gesels gerus met juf. Carli by die skool of kontak juf. Janine.



ARRIE NEL APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

www.arrienel.co.za

GRATIS AFLEWERING

# WELKOM IN ARRIE NEL *apteek* WÊRELD!

# TOTIUSDAL APTEEK

012 332 1911/2 | 061 549 2255 | totiusdal@arrienel.co.za

Codoniarylaan 779, Waverley, Pretoria



# Any Computer, internet, WiFi help and upgrades.

## PR COMPUTERS



Call us today

**0826915793**

**Ons praat jou taal!**

# Wen Wetenskap & Wiskunde / Win Science & Maths.

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:**

- Teorieboek met opsommings, vrbe & verduidelikings.
- Flashy Flitskaarte.
- 20 Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Grade 10 to Grade 12 Science Combos:**

- Theory Book with summaries, examples and step by step explanations .
- 20 Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 8 to Grade 12 Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries.

LISTEN TO THE PODCAST OF HELENA SPEAKING ON RSG ON THIS LINK

PLEASE VISIT

HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA

HELENA - 0845103373

HV.VERWEY@GMAIL.COM

# Snapscan Kodes

<u>Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende</u>:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-SKOOLFONDS**

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-BOUFONDS**

## Ondersteun GSDP & Herwinning

### Blits




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### My school

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### Pick n Pay, Waverley Plaza

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: Glasprojek

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2025 te wees.**

